

## Is dit hoe die Suidpool ruik?

"SIES, maar so 'n suidpool-baadjie stink darem!"

Die wolfhond is besig om te ruik aan 'n anorak-baadjie wat mej. Dina Maguire van Potchefstroom aan het. Die baadjie is deur die Suid-Afrikaanse ekspedisie in Antarktika gebruik.

Van links na regs staan: mnr. Johan Grobbelaar, radiotegnikus, sy verloofde, mej. Tini van der Walt van Pretoria, mej. Maguire, mnr. Danie Joubert, leier van die span, en dr. Heinz Rode, onderleier en geneesheer van die span.

### Antarktika-manne vertel van wedervaringe

# SOKKER GESPEEL IN YS AS WIND NIE WAAI NIE

**WANNEER DIE wind nie te erg gewaai het nie, het hulle op die ysveld sokker gespeel, vertel lede van Suid-Afrika se negende Antarktiese ekspedisie, wat onlangs na Suid-Afrika teruggekeer het. Drie van die spanlede is in Durban en Die Nataller het gister met hulle oor hul wedervaringe gesels.**

Daar was sestien lede in die span. Drie van hulle, waaronder die leier van die ekspedisie, mnr. Danie Joubert, kom van Durban. Danie en die ander twee, mnre. Johan Grobbelaar en Anton Aucamp, was saam leerlinge aan die Hoërskool Port Natal.

Volgens mnr. Joubert, seun van mnr. en mev. W.D. Joubert van Hillary, wat vir die tweede maal op die ekspedisie gegaan het, het sy span 'n baie suksesvolle tydperk agter die rug en het hulle ook vir 'n paar rekords gesorg. Dertien van die spanlede - die meeste nog in 'n jaar - het 'n reis na die berge onderneem, terwyl mnre. Brian Watters en Dawie Smith 'n hele 105 dae met 'n hondespan in die berge deurgebring het.

"Dit was ook hierdie twee wat met 'n klein spieëltjie vir 'n Russiese vliegtuig geflits het. Die Russe, wat op 'n geologiese ekspedisie was, het kom ondersoek instel en 'n geselsie met Brian en Dawie aangeknoop. Gelukkig kon een van die Russe so 'n biet-

Mnr. Johan Grobbelaar die radio-tegnikus van die span, het bygevoeg dat darem nie die enigste kontak met die lede van die Russiese span was nie. "Ons het altesame vier skaakwedstryde per radio met hulle gespeel teen 'n tempo van omtrent 'n skuif per dag. Maar die Russe was te goed vir ons: ons kon net die eerste wedstryd wen!"

Volgens dr. Heinz Rode, die onder-leier en geneesheer van die span, was die manne baie fiks en gesond. Dit was nie vir hom een keer nodig om 'n ernstige siekte of kwaal te behandel nie.

"Net by een geleentheid het een van die manne op 'n hondeslee in 'n kwaai sneeustorm beland en ernstige vriesbrand opgedoen. Na behandeling het hy heeltemal herstel."

Dr. Rode het verduidelik dat indien vriesbrand nie deeglik behandel word nie, dit daartoe kan lei dat die persoon die blootgestelde ledemate kan verloor.

**ONDER DIE YS**

Mnr. Grobbelaar se dat Radio

onder die lede gemaak en dit per radio na Suid-Afrika versend, van waar deur bemiddeling van mnr. Willie Kotzé saam met boodskappe van hulle gesinne aan Radio Nederland gestuur is wat dit dan uitgesaai het. Behalwe vir steurings af en toe, was die opvangs besonder goed.

Die geboue op die basis is in 1962 opgerig en bestaan feitlik geheel en al uit hout. Sedertdien het daar oor die dertig voet sneeu op die geboue gepak en is die basis nou onder 'n klein ysbergie begrawe. Hulle moes tonnels grawe om die hutte te bereik.

Dis interessant om te weet dat die basis nie op die Suidpoolkontinent gebou is nie, maar wel op 'n drywende ysberg, 2,800 myl ten suide van die Kaap.

Meeste van die manne het hulle eie stokperdjie - die gewildste was fotografie - vir ontspanning beoefen. Die basis is met 'n donkerkamer toegerus. Verder was daar 'n klein snoekertafeltjie, werppyltjies, brug en skaak waarmee die manne hul tyd ver-